**OPGEDATEERDE VORDERINGSVERSLAG - MAART 1994**

6/2 - 1/4/16/6 : EVALUASIE VAN VOERBOME EN STRUIKE MET SPESIALE VERWYSING NA DIE GEBRUIK DAARVAN AS PROTEïENAANVULLING VIR LAEGRAADSE RUVOERE.

**INLEIDING:**

Die toekenning van 'n bedrag van R78 155 (R313 337 oor 'n driejaar periode) deur die PNAK in die nasomer van die 1992/93 seisoen het die Departement Plantproduksie en Grondkunde, in samewerking met die Departement Vee- en Wildkunde en "Department of Animal Health and Production at Medunsa", in staat gestel om die program oor voerbome uit te brei. Tot op daardie stadium was die werk tot *Atriplex* spesies (*nummularia, canescens* en *semibaccata*) en *Chamaecytisus palmensis* beperk, met 'n MSc.Agric deur A J Verschoor in 1992 oor oumansoutbos, en voordragte oor oumansoutbos en Tagasaste by die "International Rangeland Congress" (1991) en die "International Grassland Congress" (1993) respektiewelik. Met dié toekenning het die Departement voortgegaan met die vestiging en uitvoering van die **drie** fasette, soos beskryf in die projekbeplanningsdokument, in die nasomer van die 1992/93 seisoen. Daar is alreeds hons. studente van Vee- en Wildkunde betrokke by die uitvoering van Faset 1 en 'n MSc.Agric kandidaat betrokke by die uitvoering van Fasette 2 en 3.

Die resultate wat voorlopig met dié aanplantings op die proefgronde van die Universiteite van Pretoria en MEDUNSA verkry is, het ons gestimuleer om 'n program op plase in landelike gebiede te loods. Met die oog hierop het die Departement 'n nagraadse student ondersteun om by die Ben Gurion Universiteit in Israel vir 'n semester op voerplante vir ariede gebiede te gaan werk. Daar word ook met die Roodeplaat Weidingsinstituut (Mnr A J Kruger), Departement Waterwese en Bosbou (Mnr C J Esterhuyse), Ben Gurion Universiteit (Dr E Birnbaum) en die Universiteit van Queensland (Dr R C Gutteridge) onderhandel om materiaal wat by droeër, kouer en/of tropiese toestande aangepas is te bekom vir evaluasie onder plaaslike toestande. Deel van so 'n evaluasie sal by die landboukollege in Venda uitgevoer word, waar 'n M.Inst. Agrar. kandidaat vir die werk verantwoordelik gaan wees.

Dit is dus belangrik dat die fasette wat deur die PNAK ondersteun was voortgesit moet word, om as 'n basis vir die kooperatiewe program op plase te dien.

<u>Faset 1</u> : **Aanvulling van laegraadse ruvoere met Tagasaste, 'n proteïenryke ruvoerbron, om inname en produksie van herkouers te stimuleer.**

<u>Navorsers:</u> W A van Niekerk en N F G Rethman